



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE  
SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

NOODSAAKLIKE INLIGTING

VIR

OUERS EN KANDIDATE

**NSC 2026**

INLIGTING TER VOORBEREIDING VIR  
DIE EKSAMEN

30 SEPTEMBER 2026

**Maak asseblief seker van die aanvangs- en sluitingstye vir alle prosesse wat op ons sosiale mediabladsye gekommunikeer word. Dit is van kardinale belang dat alle kandidate en ouers by die aanvangs- en sperdatums van die onderskeie prosesse hou.**

### **NOODSAAKLIKE INLIGTING VIR OUERS EN KANDIDATE**

Kandidate bevind hulle tans in die finale fase van voorbereiding vir die Nasionale Senior Sertifikaat eksamen. Dit is verstaanbaar dat daar in hierdie belangrike tydperk verskeie onsekerhede en vrae mag ontstaan. Hieronder volg antwoorde op van die mees algemene vrae wat deur kandidate en ouers gestel word.

Baie geluk aan die Klas van 2026 met die bereiking van hierdie besondere mylpaal. Die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen neem op einde September 2026 'n aanvang met die praktiese eksamens, terwyl die geskrewe eindeksamen middel Oktober 2026 amptelik begin.

Ons vertrou dat jy hierdie belangrike voorbereidingstydperk optimaal sal benut en jou volle aandag, tyd en energie wy aan die voorbereiding vir die verskillende vraestelle wat afgelê moet word.

Ons is besonder trots op jou prestasies tot dusver en wens jou alle voorspoed toe vir die eksamen en die toekoms wat voorlê. Ons is daarvan oortuig dat jou harde werk, deursettingsvermoë en toewyding beloon sal word.

Met die naderende eksamen wil SACAI graag jou aandag vestig op die volgende belangrike inligting en reëlins:

### **EKSAMEN ROOSTER**

Identifiseer die vakke waarvoor jy ingeskryf is noukeurig op die eksamenrooster om te verseker dat daar geen verwarring oor die onderskeie eksamendatums ontstaan nie. Dit is veral belangrik om aandag te skenk aan die verskillende eksamendatums vir Huistale en Eerste Addisionele Tale, asook vir Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid. Die amptelike eksamenrooster is op die SACAI-webwerf beskikbaar en kan afgelaai word ([Klik hier](#))

### **AKTIEWE LEERTYD: STUDIEROOSTER**

Noudat jy die eindstreep nader, is dit belangrik om ook 'n gebalanseerde studierooster op te stel. Dit is noodsaaklik dat die werk van al jou vakke deeglik hersien word voordat die eksamen 'n aanvang neem. Dit word algemeen aanvaar dat kandidate gedurende hierdie tydperk minstens 40 tot 48 uur per week aan gefokusde studie en hersiening behoort te bestee.

Daar sal geen afbakening van die werk vir die eindjaareksamen wees nie. Alle leeruitkomste, soos in die kurrikulum uiteengesit, sal geassesseer word en kan in die eksamenvraestelle geëksamineer word.

Ons moedig alle kandidate aan om deeglik voor te berei en die volledige kurrikulum te hersien ten einde optimale gereedheid vir die eksamen te verseker. Onvoldoende voorbereiding sal waarskynlik jou beoogde sukses en prestasie nadelig beïnvloed.

Ons wil graag verder jou aandag op die volgende vestig:

- Indien jy nog nie toegang tot die dokument "Wenke vir die Eksamen" verkry het nie, kan dit vanaf die SACAI-webwerf afgelaai word. ([Klik hier](#))

## EKSAMENS WAT IN VRYEHAND GESKRYF MOET WORD

Dit moet verreken word dat die eksamenantwoordboeke met 'n pen voltooi moet word en dat alle antwoorde met die hand geskryf moet word. Kandidate word aangemoedig om hul handskrif deur middel van gereelde oefening, soos die maak van notas en opsommings, te ontwikkel en te verfyn. Dit sal bydra daartoe dat die kandidaat vir ten minste drie uur aaneen vlot, netjies en leesbaar sal kan skryf.

Kandidate moet verder daarop let dat die eksamen slegs met **donkerblou ink** afgelê mag word. Antwoorde wat met gekleurde penne of potlood geskryf word, sal nie nagesien word nie, tensy die instruksies in die betrokke vraestel uitdruklik die gebruik van 'n potlood voorskryf, soos byvoorbeeld vir die teken van sketse, grafieke, IGO-tekeninge en soortgelyke illustrasies.

## AKKOMMODASIES EN KONSESSIES

Kandidate en ouers word versoek om van die volgende belangrike inligting kennis te neem:

- Inligting rakende SAKAI-goedgekeurde akkommodasies en konsessies is beskikbaar by die volgende skakel: ([Klik hier](#))
- Slegs akkommodasies en konsessies wat amptelik deur SAKAI goedgekeur is, sal gedurende die eksamen van toepassing wees en toegelaat word.
- Die volgende is informasie is belangrik vir akkommodasies en konsessies:
  - Neem asseblief kennis: Alle bykomende koste wat verband hou met akkommodasies vir Graad 12-kandidate is die ouer of voog se verantwoordelikheid om te betaal.
  - Hierdie koste sluit die volgende in, maar is nie daartoe beperk nie:
    - Die huur van 'n afsonderlike lokaal vir gebruik gedurende die eksamentydperk.
    - Die koste van 'n addisionele toesighouer soos vereis deur die SAKAI-eksamenbeleid.
    - Die koste van 'n voorleser en/of skrywer, soos onderling ooreengekom tussen die voorleser en/of skrywer en die ouer. 'n Onafhanklike voorleser en skrywer mag slegs ingevolge die SAKAI-eksamenbeleid aangestel word.
  - SAKAI aanvaar geen aanspreeklikheid vir die betaling van enige rekeninge wat voortspruit uit 'n ooreenkoms tussen die eksamensentrum en die ouer ten opsigte van hierdie bykomende koste nie. Neem kennis dat hierdie koste bykomend tot die SACAI-eksamenfooie is en voor die aanvang van die NSS-eksamen betaal moet word.
  - Dit is die verantwoordelikheid van die ouer om 'n onafhanklike en gekwalifiseerde voorleser en/of skrywer te reël ('n voorleser en/of skrywer mag nie 'n onderwyser, fasiliteerder of tutor van die kandidaat wees nie, en ook nie die hoof van 'n tutorsentrum of onafhanklike skool nie) sodat die akkommodasie wat deur die SAKAI-Akkommodasiekomitee goedgekeur en op die SAKAI-Akkommodasiesertifikaat bevestig is, toegepas kan word.

## SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING

'n Kandidaat se Skoolgebaseerde Assessering (SBA) vorm 'n integrale deel van die finale punt. Die volgende is daarom van besondere belang:

- Die SBA-komponent dra tot 25% van die finale punt by, terwyl die eksamenpunt minstens 75% van die finale punt bydra.
- Maak seker dat jou instansie al jou SBA-punte, insluitend Praktiese Assesseringstake (PATs) en mondelinge assesserings, aan SAKAI verskaf het.
- Indien SAKAI nie die SBA-punte ontvang het nie, sal die uitgereikte Umalusi NSS-sertifikaat/vakstaat nie daardie vak insluit nie, en sal "777" op die uitslagstaat aangedui word.

Dit is nie in die belang van kandidate, instansies of die integriteit van die assesseringsproses indien SBA-punte onrealisties hoog is nie. Daar bestaan dikwels wanbegrip rakende die doel en geldigheid van SBA-punte. Alle SBA-punte word aan 'n proses van statistiese moderering onderwerp, waartydens die gemiddelde SBA-punt met die gemiddelde eksamenpunt vergelyk word. Op grond van die afwyking tussen hierdie twee punte pas **Umalusi** toepaslike statistiese moderering toe. Indien die verskil tussen die twee punte meer as 10% beloop, sal die SBA-gemiddeld aangepas word tot hoogstens 5% bo die eksamengemiddeld.

In uitsonderlike gevalle waar daar 'n buitensporige afwyking tussen die SBA-punt en die finale eksamenpunt voorkom, kan die SBA-punt buite rekening gelaat word of 'n aansienlik laer gewig dra. In sodanige gevalle sal die finale eksamenpunt die grootste maatstaf wees en dienoreenkomstig in die kandidaat se finale uitslae weerspieël word.

Instansies en opvoeders is reeds formeel daarop gewys om hierdie beginsels deeglik in ag te neem wanneer SBA-punte gefinaliseer en vir moderering voorgelê word. Die verantwoordelike en akkurate bepaling van SBA-punte is noodsaaklik om die geloofwaardigheid van die assesseringsproses te beskerm en om te verseker dat kandidate se prestasie billik en betroubaar weerspieël word.

## ONEERLIKHEID TYDENS EKSAMENS IS NIE ONDERHANDELBAAR NIE

Kandidate word ernstig versoek om enige vorm van oneerlikheid tydens die eksamen te weerstaan. Die gevolge van eksamenonreëlmathede is verreikend en kan 'n langdurige nadelige invloed op 'n persoon se akademiese en professionele toekoms hê.

Toesighouers is opdrag gegee om enige vorm van oneerlikheid of eksamenonreëlmathede as 'n ernstige oortreding te beskou en onmiddellik daarteen op te tree. Geen uitsonderings sal gemaak word nie, en alle gevalle sal streng volgens die toepaslike eksamenregulasies hanteer word.

## EKSAMENONREËLMATHHEDE

Die geloofwaardigheid en integriteit van die eksamen is nie onderhandelbaar nie. SAKAI het 'n Komitee vir eksamenonreëlmathede ingestel om alle beweerde en bevestigde onreëlmathede te ondersoek. Alle sodanige gevalle moet formeel aan Umalusi gerapporteer word.

Die volgende onreëlmatighede is tydens vorige eksamens deur SAKAI geïdentifiseer:

- Selfone, slimtoestelle en aantekeninge word onder geen omstandighede in die eksamensentrum toegelaat nie. Indien enige van hierdie items in 'n kandidaat se besit gevind word, selfs al is dit nie gebruik nie, kan die kandidaat se uitslag vir die betrokke vak ongeldig verklaar word. Die kandidaat kan verder vir 'n tydperk van minstens drie eksamens geleentheid ontsê word om die vak of eksamen te herskryf.
- Waar 'n kandidaat vir 'n goedgekeurde akkommodasie kwalifiseer, moet die bepalings van die goedkeuring streng nagekom word. Indien SAKAI byvoorbeeld slegs die gebruik van 'n skrywer goedgekeur het, mag die skrywer geen bykomende ondersteuning verleen nie. Die skrywer mag slegs woordeliks neerskryf wat deur die kandidaat gedikteer word en mag onder geen omstandighede lees, verduidelik, interpreteer of leiding verskaf nie.
- Dit is die kandidaat se verantwoordelikheid om te verseker dat die korrekte vraestel ontvang is. Enige onsekerheid moet onmiddellik onder die aandag van die toesighouer gebring word voordat die vraestel beantwoord word.
- Kandidate en ouers moet vooraf seker maak dat die korrekte eksamensentrum geïdentifiseer is. Kandidate wat by 'n verkeerde eksamensentrum aanmeld, sal nie toegang tot die eksamenlokaal verkry nie.
- Kandidate moet die aanvangstyd van elke eksamensessie vooraf verifieer en minstens 30 minute voor die geskeduleerde aanvangstyd by die eksamensentrum aanmeld. Kandidate wat meer as een uur ná die aanvang van die eksamen arriveer, sal toegang geweier word.
- Indien 'n kandidaat enige eksamenreëls, voorskrifte of wettige instruksies van die toesighouer oortree, kan die antwoordboek onmiddellik gekonfiskeer word. Die voorval sal vervolgens as 'n eksamenonreëlmatigheid hanteer word, en die kandidaat kan versoek word om die eksamenlokaal te verlaat.
- Kandidate word versoek om hulle deeglik van alle eksamenreëls en-voorskrifte te vergewis en te alle tye daaraan gehoor te gee. Die nakoming van hierdie vereistes dra by tot 'n billike, geloofwaardige en ordelike eksamenproses vir alle kandidate.

#### **Let wel:**

Onder geen omstandighede word dit toegelaat om 'n toesighouer, leser, skrywer of enige ander persoon te betaal, om te koop of om enige vorm van bykomende hulp of bevoordeling van sodanige persoon te verkry of te versoek nie. Waar akkommodasies formeel deur SAKAI goedgekeur is, mag slegs die spesifieke goedgekeurde akkommodasies toegepas word. Toesighouers word streng verbied om enige hulp of ondersteuning aan kandidate te verleen wat buite die omvang van die goedgekeurde akkommodasies val.

Enige poging om ongemagtigde hulp aan te bied, te versoek, te aanvaar of te verskaf, hetsy deur betaling, omkoperij of enige ander wyse, sal as 'n ernstige eksamenonreëlmatigheid beskou word. In sodanige gevalle kan die kandidaat se uitslag as ongeldig verklaar word, en kan dissiplinêre, siviele en/of strafregtelike stappe teen alle betrokke partye ingestel word. Dit sluit beide die persoon in wat die hulp aangebied, versoek of aanvaar het, asook die persoon wat die ongemagtigde hulp verskaf het.

## GRAAD 12 SLAAGVEREISTES

Ouers en kandidate word daaraan herinner dat 'n kandidaat, ten einde die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) te verwerf, aan die volgende vereistes moet voldoen:

- Sewe (7) vakke moet geskryf word.
- Die Skoolgebaseerde Assessering (SBA), Praktiese Assesseringstake (PAT's) en mondelinge assesserings vir alle toepaslike vakke moet ingedien wees.

| <b>Baccalaureurstoelating (Bachelors Pass)</b>                                                                                                                                                                                            |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| 'n Kandidaat moet: <ul style="list-style-type: none"><li>• minstens 40% vir die Huistaal behaal;</li><li>• minstens 50% in vier vakke behaal (Lewensoriëntering uitgesluit);</li><li>• minstens 30% in twee ander vakke behaal.</li></ul> |
| <b>Diplomatoelating</b>                                                                                                                                                                                                                   |
| 'n Kandidaat moet: <ul style="list-style-type: none"><li>• minstens 40% vir die Huistaal behaal;</li><li>• minstens 40% in vier vakke behaal (Lewensoriëntering uitgesluit);</li><li>• minstens 30% in twee ander vakke behaal.</li></ul> |
| <b>Hoër sertifikaattoelating</b>                                                                                                                                                                                                          |
| 'n Kandidaat moet: <ul style="list-style-type: none"><li>• minstens 40% vir die Huistaal behaal;</li><li>• minstens 40% in drie vakke behaal;</li><li>• minstens 30% in drie ander vakke behaal.</li></ul>                                |
| <b>Minimum slaagvereistes</b>                                                                                                                                                                                                             |
| 'n Kandidaat moet: <ul style="list-style-type: none"><li>• minstens 40% vir die Huistaal behaal;</li><li>• minstens 40% in twee vakke behaal;</li><li>• minstens 30% in drie ander vakke behaal.</li></ul>                                |

## PRESTASIESKAAL

Die uitslag vir elke vak sal soos volg op die verklaring van uitslae aangedui word:

| <b>Vlak</b> | <b>Beskrywing</b> | <b>%</b> |
|-------------|-------------------|----------|
| 7           | Uitstaande        | 80 – 100 |
| 6           | Verdiensielik     | 70 – 79  |
| 5           | Beduidend         | 60 – 69  |
| 4           | Voldoende         | 50 – 59  |
| 3           | Gemiddeld         | 40 – 49  |
| 2           | Basies            | 30 – 39  |
| 1           | Nie behaal nie    | 0 – 29   |

## WANNEER KAN DIE UITSLAE VERWAG WORD?

Daar word voorsien dat SACAI die uitslae **op of voor 12 Januarie 2027** beskikbaar sal stel. Die uitslae sal soos volg beskikbaar gestel word:

- Die elektroniese Bewys van Uitslae kan op die oggend van die vrystelling vanaf die SACAI-webwerf ([www.sacai.org.za](http://www.sacai.org.za)) afgelaai word.
- Die Verklaring van Uitslae (statement of results) sal aan jou SACAI-geregistreerde instansie gestuur word. Die instelling sal met jou kommunikeer oor die wyse waarop en die tyd waarop die verklaring aan kandidate beskikbaar gestel sal word.
- Kandidate moet verseker dat hul name en identiteitsnommers korrek op die Uitslagstaat verskyn en enige nodige regstellings **voor 12 Maart 2027** by SAKAI aanmeld.
- Indien enige aangeleentheid met betrekking tot die eksamen dringend aandag verg, moet die navraag gestuur word aan [exams@sacai.org.za](mailto:exams@sacai.org.za).

## SAKAI VRAESTELLE

SAKAI is verantwoordelik vir die ontwikkeling en samestelling van die finale eksamenvraestelle. Ten einde die gehalte, geldigheid en billikheid van die assessering te verseker, stel Umalusi onafhanklike eksterne moderators aan om die vraestelle van alle assesseringsliggame te modereer. Hierdie modereringsproses verseker dat SAKAI se vraestelle aan dieselfde nasionale standaarde voldoen as dié van alle ander erkende assesseringsliggame. Daar word spesifiek gelet op die standaard, inhoudsdekking, kognitiewe eise, billikheid en geskiktheid van die vraestelle.

Kandidate en ouers kan derhalwe die versekering hê dat SAKAI se eksamenvraestelle aan streng gehalteversekerings- en modereringsprosesse onderwerp word en dat die assessering van kandidate volgens dieselfde nasionale maatstawwe geskied as dié wat op alle ander erkende assesseringsliggame van toepassing is.

## NASIEN VAN ANTWOORDBOEKE

Benewens Lewensoriëntering, sal elke kandidaat wat ses vakke aflê, ongeveer 17 vraestelle skryf. Die nasien van die nagenoeg 100 000 vraestelle deur meer as 600 nasieners sal einde Oktober 2026 in aanvang neem en sowat vyf weke later afgehandel word.

Die nasienproses word onder die toesig en leiding van interne moderators, asook moderators wat deur Umalusi aangestel is, uitgevoer. Hierdie gehalteversekeringsprosesse het ten doel om te verseker dat die nasien op 'n billike, konsekwente, regverdigde en deursigtige wyse geskied.

## DIE GEWIG VAN SBA-PUNTE EN DIE FINATE EKSAMENTPUNTE


Na afloop van die nasienproses moet SAKAI die eksamenpunte formeel aan Umalusi voorlê vir goedkeuring. Hierdie proses staan algemeen bekend as die standaardiseringsproses en het ten doel om punte, waar moontlik, in hul oorspronklike vorm te aanvaar, dit wil sê sonder aanpassing.

SAKAI dien die oorspronklike eksamenpunte in, maar is nie verantwoordelik vir die samestelling van die Skoolgebaseerde Assessering (SBA)-uitslae nie. Dit is ook belangrik om daarop te let dat SAKAI nie ingediende SBA-punte mag wysig nie, hoewel uitstaande SBA-, PAT- en mondelinge assesseringspunte

van kandidate binne die voorskrifte van die regulatoriese raamwerk steeds ingedien kan word. SAKAI plaas derhalwe 'n besondere klem op die tydige indiening van alle SBA-vereistes, insluitend onderwyser- en leerderlêers vir moderering, asook kandidate se portefeuljes wat deur die loop van die akademiese jaar saamgestel word. Die gevolge van die nie-indiening van, of ontbrekende, assesseringsuitslae is verreikend. Dit kan 'n beduidende invloed op kandidate se finale uitslae hê en skep dikwels onnodige frustrasie en onsekerheid vir kandidate en hulle ouers wanneer uitslae uitgereik word. Dit weerspieël ook nadelig op alle rolspelers wat by die assesseringsproses betrokke is.

Die finale sperdatum vir die indiening van SBA-punte aan Umalusi is **2 November 2026**. Instansies, opvoeders en kandidate word daarom versoek om toe te sien dat alle vereiste assesseringspunte en ondersteunende dokumentasie betyds en volledig ingedien word.

Dit is noodsaaklik om te begryp dat 'n hoë SBA-punt nie noodwendig 'n hoë finale NSS-punt waarborg nie.



Dit is voorts belangrik om te verseker dat ouers en leerders deurentyd oor die leerder se vordering gedurende die akademiese jaar deur die inrigting ingelig word. Leerders moet aan die einde van elke kwartaal 'n verslag ontvang, en ouers of voogde behoort deurlopend op hoogte gehou te word van die leerder se vordering, asook van die areas waar verdere ondersteuning of verbetering benodig word. Ouers behoort ook ingelig te word van die finale Skoolgebaseerde Assessering (SBA)-punte wat aan SAKAI voorgelê word. Uit navrae wat SAKAI ontvang het, blyk dit dat sommige ouers nie bewus is van die SGA-punte wat namens leerders ingedien is nie. Hierdie gebrek aan kommunikasie lei dikwels tot frustrasie en ontevredenheid wanneer finale uitslae bekend gemaak word, asook tot wanopvattinge oor die verband tussen die SGA-punte en die finale eksamenuitslae.

Dit is derhalwe in die belang van alle betrokkenes dat daar deur die jaar heen openlike en deurlopende kommunikasie tussen die instelling, ouers en leerders plaasvind ten opsigte van akademiese vordering en assesseringsprestasie.

### IS SAKAI SE VRAESTELLE MOEILIKER?

Die wanpersepsie bestaan soms dat SAKAI se vraestelle moeiliker is as dié van ander assesseringsliggame. Dit is egter nie die geval nie.

Alle assesseringsliggame moet hul vraestelle aan Umalusi voorlê vir moderering. Die doel van hierdie modereringsproses is om te verseker dat 'n eenvormige nasionale standaard gehandhaaf word, ongeag watter assesseringsliggaam se vraestel afgelê word. Kandidate en ouers kan derhalwe die versekering hê dat SAKAI se vraestelle aan dieselfde gehaltevereistes en modereringsstandaarde voldoen as dié van alle ander erkende assesseringsliggame, en dat geen assesseringsliggaam 'n onbillike voordeel of nadeel aan kandidate bied nie.

## WAT IS DIE OPSIES INDIEN DIE EKSAMENPUNTE NIE AAN VERWAGTINE VOLDOEN NIE?

- Vir enige navrae rakende jou Skoolgebaseerde Assessering (SBA)-punte, moet jy eers jou instansie kontak. SACAI sal slegs met sodanige navrae kan help nadat die aangeleentheid met die betrokke instansie opgeneem is.
- Moet asseblief nie die Departement van Basiese Onderwys (DBO) kontak nie, aangesien dit nie jou geregistreerde assesseringsliggaam is nie en gevolglik nie in staat sal wees om navrae rakende jou uitslae te hanteer nie.
- Enige navrae wat aan Umalusi gerig word, sal na SACAI verwys word, wat onnodige vertragings in die hantering van jou navraag kan veroorsaak.
- Voordat jy SACAI direk kontak, word dit sterk aanbeveel dat jy eers:
  - jou instansie kontak; en
  - die Gereeld Gevraagde Vrae (FAQ) op die SACAI-webwerf raadpleeg ([Klik hier](#))

Hierdie stappe sal daartoe bydra dat jou navraag op die mees doeltreffende en tydige wyse hanteer word.

Alternatiewelik, is die volgende vier (4) opsies beskikbaar vir kandidate:

**Belangrike kennisgewing:** Die datums en gelde wat hieronder vermeld word, is onderhewig aan verandering. Die finale datums en toepaslike gelde sal saam met die vrystelling van die uitslae op die SACAI-webwerf ([www.sacai.org.za](http://www.sacai.org.za)) gekommunikeer word.

### (1) Hermerk van antwoordboeke

- Slegs aanlynaansoeke sal aanvaar word. Besoek asseblief [www.sacai.org.za](http://www.sacai.org.za).
- Slegs die vakke waarvoor aansoek gedoen is, sal hermerk word.
- Aansoeke vir hermerk open op **13 Januarie 2027** en sluit om **16:00** op **27 Januarie 2027** (geen uitsonderings nie).
- Fooie vir die hermerk van antwoordstelle: R660,00 **per antwoordstel** (BTW ingesluit).
- Die bekendmaking van die hermerkuitslae is voorlopig geskeduleer vir **17 Februarie 2027**. Besoek asseblief ons webwerf en hou die jongste kennisgewings rakende die vrystellingsdatums dop.

### (2) Besigtiging ('viewing') van antwoordboeke

- Besigtiging van antwoordboeke sal slegs plaasvind ná die vrystelling van die hermerkuitslae, wat voorlopig vir **17 Februarie 2027** geskeduleer is.
- Slegs kandidate wat vir 'n hermerk aansoek gedoen het, mag 'n afspraak maak om hul antwoordstelle te besigtig.
- Aansoeke vir besigtiging open op **18 Februarie 2027** en sluit om **16:00** op **25 Februarie 2027** (geen uitsonderings nie).
- Geen aanlyn besigtigings sal plaasvind nie. Alle besigtigings moet by SACAI se kantore in Pretoria geskied.
- Tydens die besigtiging sal die kandidaat, ouer, voog en/of hul formeel aangewese verteenwoordiger(s) (tot 'n maksimum van drie persone) slegs mag verifieer dat:
  - alle afdelings van die antwoordboek nagesien is; en
  - die punte korrek bereken en opgetel is.

- Geen ander dokumente, behalwe die kandidaat se antwoordboek, sal in die lokaal toegelaat word waar die besigtiging plaasvind nie. Nasienriglyne, memorandums of vraestelle sal nie beskikbaar gestel word nie.
- Fooi vir besigtiging: R369,00 **per antwoordstel** (BTW ingesluit).

### (3) May/Junie NSS Eksamenproses

*Alle aansoeke vir die Mei-/Junie-eksamen moet deur middel van die SACAI-webwerf ([www.sacai.org.za](http://www.sacai.org.za)) ingedien word.*

- 'n Eksamengeleentheid word gedurende Mei/Junie aangebied waartydens kandidate hul uitslae kan verbeter of uitstaande uitslae kan voltooi.
  - Die registrasiesetel open op **Maandag, 1 Februarie 2027**, en sluit om **16:00** op **Vrydag, 26 Februarie 2027**.
  - Kandidate wat verkies om hul eksamen deur die Departement van Basiese Onderwys (DBO) of die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) te herskryf, word aangeraai om die betrokke assesseringsliggaam direk te kontak vir inligting oor registrasievereistes, prosedures en sperdatums.
- Registrasievoorwaardes:
  - Die Mei-/Junie-eksamen is vir herhalers bedoel.
  - Kandidate wat weens 'n geldige rede, soos mediese ongeskiktheid, 'n sterfte in die onmiddellike gesin of ander besondere omstandighede, van een of meer vraestelle afwesig was, mag vir die Mei-/Junie-eksamen registreer.
  - Kandidate wat hul algehele prestasie wil verbeter, of wat die prestasie in een of meer vakke wil verbeter, mag vir die Mei-/Junie-eksamen registreer.
  - Indien 'n kandidaat gedurende die huidige NSS-November-eksamen weens 'n geldige rede van een of meer vraestelle in 'n vak afwesig was, moet die kandidaat al die vraestelle van daardie vak tydens die Mei-/Junie-eksamen aflê. Byvoorbeeld, indien 'n kandidaat van Vraestel 1 van Lewenswetenskappe afwesig was, maar Vraestel 2 geskryf het, moet die kandidaat tydens die Mei-/Junie-eksamen beide Vraestel 1 en Vraestel 2 van Lewenswetenskappe aflê.
  - Indien 'n ondersoek na 'n eksamenonreëlmatigheid wat tydens die November-eksamen ontstaan het, nog afgehandel moet word, kan voorlopige registrasie vir die Mei-/Junie-eksamen aan die betrokke kandidaat toegestaan word, hangende die uitslag van die ondersoek.
  - Nie alle vakke word tydens die Mei-/Junie-eksamen aangebied nie. Daarbenewens moet 'n kandidaat 'n minimum prestasie van meer as 20% in die betrokke vak behaal het om vir die herskryf daarvan in aanmerking te kom.
  - Die Verklaring van Uitslae (Statement of Results) moet ook voorgelê word as bewys van registrasie vir die voorafgaande November-NSS-eksamen.
  - Verdere besonderhede rakende die Mei-/Junie-eksamen sal ná die bekendmaking van die finale uitslae gekommunikeer word.
  - Navrae in hierdie verband kan gerig word aan [exams@sacai.org.za](mailto:exams@sacai.org.za).
  - 'n Beperkte aantal eksamensentrums sal vir die Mei-/Junie-herskryfsessie beskikbaar wees (ongeveer een sentrum per provinsie).

- o Slegs die volgende vakke sal deur SACAI tydens die Mei-/Junie-herskryfsamen aangebied word:

|                                                                                                                                                                                                       |                                |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------|
| Afrikaans Huistaal                                                                                                                                                                                    | Besigheidstudies               |
| Afrikaans Eerste Addisionele Taal                                                                                                                                                                     | Rekenaartoeëpassingstegnologie |
| English Home Language                                                                                                                                                                                 | Geografie                      |
| English First Additional Language                                                                                                                                                                     | Geskiedenis                    |
| Wiskunde                                                                                                                                                                                              | Lewenswetenskappe              |
| Wiskundige Geletterdheid                                                                                                                                                                              | Fisiese Wetenskappe            |
| <b>Belangrike kennisgewing:</b> Die lys vakke hierbo kan verander na gelang van die aantal registrasies wat ontvang word. Die finale vakaanbod sal ná afloop van die registrasieproses bevestig word. |                                |

#### (4) Skryf die November-eindeksamen einde 2027

Skryf die November-eindeksamen die volgende jaar. Indien 'n kandidaat die November-eksamen wil aflê, moet hy/sy by 'n geregistreerde instelling registreer. Vir instellings wat by SACAI geregistreer is, volg asseblief die volgende skakel:

- [Onafhanklike skole](#)
- [Instansies vir afstandsonderwys en aanlynskole](#)

#### TEN SLOTTE

Ons wens alle kandidate voorspoed toe met die finale Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen. SACAI vertrou dat die talle ure van voorbereiding, toewyding en harde werk sal lei tot die sukses waarna kandidate streef.

Mag hierdie eksamentydperk met eerlikheid, integriteit, deursettingsvermoë en 'n onwrikbare toewyding benader word. Ons wens elke kandidaat alle sterkte toe en vertrou dat die uitslae 'n regverdige weerspieëling van die moeite, opofferings en toewyding sal wees wat gedurende die akademiese jaar gelewer is.

SACAI bedank ouers, voogde, opvoeders en instellings vir hul volgehoue ondersteuning en samewerking ter bevordering van die akademiese sukses van elke kandidaat.

Voltooi asseblief die volgende skakel of skandeer die QR-kode om ontvangs van hierdie brief te bevestig.: <https://forms.cloud.microsoft/r/UGqLRuzVum>



*Hierdie dokument is op 30 September 2026 aan SACAI-instellings versprei vir verdere verspreiding aan NSS 2026-kandidate.*

*Inligting ter voorbereiding vir die eksamen— NSC 2026*